

**eduresourceza.com**

Downloaded from eduresourceza.com


basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## TOERISME

## MEI/JUNIE 2024

**PUNTE: 200**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 27 bladsye.**

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Lees die instruksies aandagtig voordat jy die vrae beantwoord.

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF afdelings.
2. Beantwoord AL die vrae.
3. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.
4. Rond jou antwoorde by VRAAG 3.1 en 3.2 tot TWEE desimale plekke af.
5. Toon ALLE berekeninge.
6. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
7. Gebruik die puntetoekenning van elke vraag as 'n riglyn vir die lengte van jou antwoord.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Die tabel hieronder is 'n riglyn om jou te help om jou tyd volgens elke afdeling in te deel.

| AFDELING | ONDERWERPE | PUNTE | TYD (minute) |
|---|---|---|---|
| A | Kortvrae | 40 | 20 |
| B | Kaartwerk en Toerbeplanning; Buitelandse Valuta-verhandeling | 50 | 50 |
| C | Toerismebesienswaardighede; Kultuur- en Erfenistoerisme; Bemarking | 50 | 50 |
| D | Toerismesektore; Volhoubare en Verantwoordelike Toerisme | 30 | 30 |
| E | Plaaslike, Streeks- en Internasionale Toerisme; Kommunikasie en Kliëntediens | 30 | 30 |
| | **TOTAAL** | **200** | **180** |


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## AFDELING A: KORTVRAE

### VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.20) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.21 D.

1.1.1 Die Minister van Toerisme wat in Maart 2023 aangestel is:



A Lindiwe Sisulu
B Patricia de Lille
C Derek Hanekom
D Fish Mahlalela

1.1.2 Nairobi in Kenia is … van die UTK geleë.

A oos
B wes
C suid
D noord

1.1.3 Die tydsverskil tussen Kaapstad (+2) en Washington (-5), is …

A 7 uur.
B 3 uur.
C 6 uur.
D 8 uur.

1.1.4 Die hoofsimptome van cholera:

A Irritasie van die oë
B Diarree en braking
C Erge hoes
D Oormatige dors


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

1.1.5 'n Voordeel van die gebruik van 'n voorafgelaaide buitelandsevaluta-debietkaart:

A Kan as bewys van identiteit dien
B Stel toeriste in staat om onbeperk te spandeer
C Kan deur straatverkopers gebruik word
D Beskikbaar in verskeidenheid geldeenhede

1.1.6 Die 0º-lengtelyn staan ook as … bekend.

A Universele Tydkoördinaat
B Greenwich Primêre Tyd
C Primêre Tyd
D Wêreldtyd

1.1.7 Die Vryheidstandbeeld en die Grand Canyon is op hierdie kontinent geleë:

A Suid-Amerika
B Noord-Amerika
C Europa
D Australië

1.1.8 'n Unieke kenmerk van die drywende markte in Thailand, is verkopers wat … verkoop.

A goedere op die oewer van die rivier
B vrugte en groente aanlyn
C goedere van donkiekarre af
D goedere van klein bootjies af

1.1.9 'n Ikoon wat in Peru geleë is:

A Petra
B Machu Picchu
C Mekka
D die berg Everest

1.1.10 Die Wêrelderfenisterrein wat die kultuur van die Nama-mense vertoon:

A Barberton Makonjwaberge
B Mapungubwe Kulturele Landskap
C Richtersveld Kulturele en Botaniese Landskap
D ǂKhomani Kulturele Landskap


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


1.1.11 Die prent hieronder verteenwoordig 'n aspek wat tot die sukses van 'n attraksie bydra:



A Goeie byvoordele vir die personeel
B Slegte besoekerservaring
C Besorgdheid oor die omgewing
D Geen vullisdromme word voorsien nie

1.1.12 Die positiewe professionele beeld van 'n toerismebesigheid word deur … gekenmerk.

A 'n gebou wat swak in stand gehou word,
B substandaard produkte
C bekwame en goed opgeleide personeel
D personeel met 'n swak houding

1.1.13 Die webtuiste van 'n besigheid word as professioneel beskou wanneer dit …

A onvoldoende inligting oor die besigheid verskaf.
B taal- en spelfoute bevat.
C inhoud bevat wat aanstoot gee.
D aantreklik en maklik om te navigeer, is.

1.1.14 Verantwoordelike gedrag van toeriste by die Tafelberg Nasionale Park:

A Los leë blikke op die berg
B Breek stukke van plante as aandenkings af
C Maak vuur op die berg
D Bly op aangewese paadjies

1.1.15 Volhoubare omgewingspraktyke deur 'n hotel:

A Die gebruik van energiebesparende gloeilampies
B 'n Tuin wat uit indringerplante bestaan
C 'n Kragopwekker wat die hele dag loop
D Geen vullisdromme op die perseel nie


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


1.1.16 'n Voordeel daarvan om kontant te gebruik wanneer daar in die buiteland gereis word:

A Dit maak voorsiening vir die betaling van klein bedraggies
B Die dra van groot bedrae geld
C Kan nie teen diefstal verseker word nie
D Note kan vervals wees

1.1.17 'n SWIFT-transaksie is 'n voorbeeld van 'n …

A elektroniese fondsoordrag.
B telegrafiese oorplasing.
C kredietkaartbetaling.
D debietkaartbetaling.

1.1.18 Die verskil in toeriste-aankomste tussen 2021 en 2022 is …




**LET WEL:** As gevolg van Covid-19 is geen data vir 2020 beskikbaar nie.

A 1 miljoen.
B 2 miljoen.
C 1,1 miljoen.
D 2,1 miljoen.

1.1.19 'n Stap in die ontleding van kliënte-tevredenheid:

A Ignoreer 'n kliënt se klagte
B Komplimenteer 'n kliënt
C Beloon 'n personeellid
D Identifiseer algemene klagtes vanaf kliënte

1.1.20 Die aanhaling hieronder verwys na die belangrikheid van terugvoer om … te verbeter.

'Ons het almal mense nodig wat vir ons terugvoer sal gee. Dit is hoe ons verbeter.'
- ***Bill Gates***
*Stigter: Microsoft*

A uitstekende werksomstandighede
B suksesvolle volhoubare praktyke
C kliënte-tevredenheid
D suksesvolle bemarkingsinisiatiewe (20 x 1) (20)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

1.2 Gee EEN woord/term vir ELK van die volgende beskrywings deur 'n woord/term uit die lys hieronder te kies. Skryf slegs die woord/term langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.2.6 kleurkaart.

| |
|---|
| verswakkende rand; skommeling; tweehonderdduisend rand; twee miljoen rand; BAK; BWP; versterkende rand; buitelandsevaluta-verhandeling |

1.2.1 Die jaarlikse reistoelae vir 'n kind onder 18, volgens die *April 2023 Geldeenheid en Wisselingsriglyne vir Individue*

1.2.2 Die daaglikse veranderings in die waarde van 'n geldeenheid

1.2.3 Wanneer die rand 'n geleidelike afname teenoor die euro toon

1.2.4 Die term wat gebruik word wanneer plaaslike geldeenhede na buitelandse geldeenhede omgeskakel word

1.2.5 Die valutakode vir die Botswana pula (5 x 1) (5)

1.3 Kies die korrekte woord(e) uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.3.6 paspoort.

1.3.1 (Reisversekering/Komplimentêre vervoer) is 'n koste wat in ag geneem kan word wanneer 'n toerbegroting saamgestel word.

1.3.2 Wanneer daar vir 'n (reisprogram/visum) aansoek gedoen word, word verskillende tipes biometriese skandering vereis.

1.3.3 Lande wat DBT toepas, stel hulle horlosies aan die begin van die somer met een uur (vorentoe/terug).

1.3.4 (Landuitstappies/Opsionele toere) is 'n element wat in gedagte gehou kan word wanneer 'n reisprogram vir 'n toeris saamgestel word wat die Nasionale Krugerwildtuin besoek.

1.3.5 'n Algemene veiligheidsvoorsorgmaatreël wanneer bestuur word, is om die (skootrekenaar op die voorste sitplek/skootrekenaar buite sig) te plaas. (5 x 1) (5)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

1.4 Kies 'n voorbeeld uit KOLOM B wat by die term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommers (1.4.1 tot 1.4.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.4.6 H.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.4.1 | Voorafgelaaide buitelandse-valuta-debietkaart | A | oorlog in Rusland en die Oekraïne |
| 1.4.2 | Natuurramp | B | Visa-kredietkaart |
| 1.4.3 | Politieke situasie | C | maksimum werksure |
| 1.4.4 | Wet op Basiese Diensvoorwaardes | D | 'Travel Wallet' |
| 1.4.5 | Gedragskode | E | integriteit in die werksplek |
| | | F | vliegtuigongeluk |
| | | G | aardbewing |

(5 x 1) (5)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

1.5 In 2023 het mnr. Jackson, 'n sporttoeris, al die sportbyeenkomste hieronder bygewoon.

Herrangskik die sportbyeenkomste wat mnr. Jackson in 2023 bygewoon het, in 'n logiese volgorde volgens die datums.

Skryf slegs die datum en naam van die byeenkoms langs die vraagnommers (1.5.1 tot 1.5.5) neer.

**2023-SPORTKALENDER**




[Aangepas uit www.sasportspress.co.za; www.rugbyworldcup.com; www.commons.wikimedia.org; www.comrades.com en www.facebook.com]

| | | DATUM | NAAM VAN BYEENKOMS |
|---|---|---|---|
| | **Voorbeeld** | 12 Maart 2023 | Cape Town Cycle Tour |
| 1.5.1 | Byeenkoms 1 | | |
| 1.5.2 | Byeenkoms 2 | | |
| 1.5.3 | Byeenkoms 3 | | |
| 1.5.4 | Byeenkoms 4 | | |
| 1.5.5 | Byeenkoms 5 | | |

(5)

**TOTAAL AFDELING A: 40**



Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**AFDELING B: KAARTWERK EN TOERBEPLANNING; BUITELANDSE VALUTA-VERHANDELING**

**VRAAG 2**

Bestudeer die Wêreldtydsonekaart en die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.





Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**HOMOWO – 'N KOSFEES IN GHANA**

Die Homowo-fees is een van die grootste kulturele oesfeeste van sy soort in Afrika en word in die hoofstad Akkra gevier. Die 2023-fees het vanaf Augustus tot September plaasgevind. Gedurende hierdie maande word die grootste graan- en vis-oeste gewoonlik geproduseer.




**Homowo-**feesvieringe begin met seënwense wat oor die oeste uitgespreek word. Dit word gevolg deur 'n reeks danse en seremonies totdat die oeste ingesamel is.

[Aangepas uit https://micyamoah.wordpress.com]

2.1 'n Suid-Afrikaanse gesin het na Akkra in Ghana gevlieg om die **Homowo-**fees by te woon. Ghana is 'n hoë-risiko-geelkoorsgebied en Suid-Afrikaanse toeriste benodig 'n toegangsdokument in hulle paspoorte om Ghana binne te gaan.

2.1.1 (a) Identifiseer die tydsone waar Ghana geleë is. (2)

(b) Noem die 0º-lengtelyn wat naby Ghana geleë is. (2)

(c) Gee EEN rede waarom die lengtelyn in VRAAG 2.1.1(b) as belangrik vir reisplanning beskou kan word. (2)

2.1.2 Noem TWEE amptelike reisdokumente wat die Suid-Afrikaners nodig gekry het toe hulle na Ghana gereis het. (4)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

2.2 2.2.1 Besoekers uit New York het hulle selfone gebruik om 'n lewendige uitsending van die fees te beeldsend. Dit is om 21:00 op 9 Augustus 2023 uit Akkra aan familie en vriende in New York uitgesaai.

Bereken die tyd en datum wat die familie en vriende in New York na die lewendige uitsending vanaf Akkra gekyk het.

Toon ALLE berekeninge. (4)

2.2.2 'n Malawiese musiekgroep is na die 2023 Homowo-fees in Ghana genooi. Hulle het op om 20:00 op 12 Augustus 2023 vanaf Lilongwe, Malawi, vertrek.
Die vliegtyd was 12 ure (oorstaantyd ingesluit).

Bereken die plaaslike tyd en datum wat hierdie vlug in Akkra, Ghana, aangekom het.

Toon ALLE berekeninge. (6)

2.2.3 Na die lang vlug het die Malawiese groep gedisoriënteerd gevoel.

Noem die reistoestand waaraan die groep gely het. (2)

2.3 Internasionale lughawens bied 'n verskeidenheid geleenthede vir inkopies aan reisigers.

**BELASTINGVRYE INKOPIES OP INTERNASIONALE LUGHAWENS**




[Bron: www.dutyfree.com]

2.3.1 Verduidelik die term *belastingvrye inkopies*. (2)

2.3.2 Behalwe vir internasionale lughawens, gee TWEE ander voorbeelde waar toeriste belastingvrye inkopies kan doen. (4)

2.3.3 Gee EEN rede waarom 'n sakmes wat in handbagasie gedra word deur Suid-Afrikaanse doeanebeamptes gekonfiskeer (afgeneem) sal word. (2)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


2.3.4 Voertuie soos die een in die prent hieronder word dikwels by internasionale toegangspoorte na Suid-Afrika gesien.

**SAID IS TEENWOORDIG BY TOEGANGSPOORTE**




[Aangepas uit www.sars.co.za]

(a) Skryf die akroniem *SAID* volledig uit. (2)

(b) SAID is verbind daartoe om die deurgang deur doeane by toegangspoorte so vinnig en probleemvry as moontlik te maak.

Gee TWEE funksies van SAID by toegangspoorte na Suid-Afrika. (4)

(c) Gee DRIE voorbeelde van verbode goedere wat NIE op enige vliegtuig toegelaat sal word NIE. (6)
**[42]**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**VRAAG 3**

Bestudeer die wisselkoerstabel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| LAND | VALUTAKODE | BAK | BVK |
|---|---|---|---|
| Portugal | EUR | 18,10 | 18,75 |

3.1 Mnr. Da Sousa, 'n Suid-Afrikaanse uitgaande toeris, gaan Portugal toe. Voor sy vertrek uit Suid-Afrika wissel hy ZAR35 500,00 by 'n forex-kiosk op die OR Tambo Internasionale Lughawe.

Bereken hoeveel hy in euro sal ontvang wanneer hy sy buitelandse valuta wissel. (4)

3.2 Met sy terugkeer na Suid-Afrika wissel mnr. Da Sousa die oorblywende 248 euro vir rand op die OR Tambo Internasionale Lughawe.

Bereken die bedrag wat hy in rand sal ontvang. (4)
**[8]**

**TOTAAL AFDELING B: 50**


Downloaded from eduresourceza.com


Downloaded from eduresourceza.com

**AFDELING B: TOERISTEBESIENSWAARDIGHEDE; KULTUUR- EN ERFENIS-TOERISME; BEMARKING**

**VRAAG 4**

Bestudeer die kaart en inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**WÊRELDIKONE IN DIE IBERIESE SKIEREILAND**




[Aangepas uit www.enchantedlearning.com]

4.1 4.1.1 Noem die ikoniese antieke gebou in Spanje wat ook 'n Wêrelderfenisterrein is. (2)

4.1.2 Beskryf EEN unieke kenmerk van die ikoon wat in VRAAG 4.1.1 genoem is. (2)

4.1.3 Identifiseer die soort toeris wat belang sal stel om hierdie ikoon in Spanje te besoek. (2)

4.1.4 Die Iberiese Skiereiland bestaan uit Portugal en Spanje en is 'n gewilde toeristebestemming.

Identifiseer die ikoon in Portugal. (2)

4.1.5 Gee EEN rede waarom die ikoon in VRAAG 4.1.4 jaarliks baie besoekers lok. (2)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

4.1.6 'n Toename in besoekersgetalle kan 'n invloed op 'n bestemming hê.

| BESOEKERSGETALLE AAN DIE IBERIESE SKIEREILAND | |
|---|---|
| Besoekersgetalle aan Spanje het oor die afgelope 11 jaar van 1 085 647 tot 2 067 016 toegeneem. | In 2022 het Portugal 2,73 miljoen besoekers ontvang. Dit is 37,2% meer as in 2021. |
| [Bron: www.thetourguy.com] | [Aangepas uit www.statssa2023.gov.za] |

Bespreek TWEE negatiewe invloede van hoë besoekersgetalle op elk van die volgende:

(a) Die ikoon in Spanje wat in VRAAG 4.1.1 geïdentifiseer is (4)

(b) Die ikoon in Portugal wat in VRAAG 4.1.4 geïdentifiseer is (4)

eduresourceza.com


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

4.2 Bestudeer die prente hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**AMPTELIKE WONINGS**

Die twee ikone hieronder is die amptelike wonings van die leiers van die Verenigde Koninkryk en Rusland. Beide wonings lok elke jaar miljoene toeriste.

**A**



Gebou in die 18de eeu

[Aangepas uit www.goldentours.com]

**B**



Gebou in die 16de eeu

[Aangepas uit www.istockphoto.com]

4.2.1 Identifiseer die ikoon in **A** hierbo. (2)

4.2.2 Noem EEN ander ikoon wat in dieselfde stad geleë is as die een wat in VRAAG 4.2.1 geïdentifiseer is. (2)

4.2.3 Identifiseer die ikoon in **B** hierbo. (2)

4.2.4 Noem die stad waar ikoon **B** geleë is. (2)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

4.3 Skryf 'n paragraaf om die belangrikheid van ikone **A** en **B** vir die toerismebedryf van die twee lande, genoem op die vorige bladsy, te bespreek.

Die paragraaf moet fokus op:

- Die historiese en kulturele belang van beide ikone **A** en **B** (2) (2)
- Parades wat met elke ikoon verbind word (2 x 2) (4)

**[32]**

eduresourceza.com


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**VRAAG 5**

Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**FIETSRYERS ERVAAR ISIMANGALISO-VLEILANDPARK**



Hierdie bergfietsrit is deel van die fondsinsameling vir die reeks ekogebeurtenisse wat tot die bewaringspogings by die iSimangaliso-vleilandpark bydra. Die bergfietsroete strek tot in agt verskillende ekosisteme waar renosters en kameelperde op een dag en walvisse en seekoeie die volgende dag gesien kan word. Fietsryers samel fondse in vir die aankoop van spoorsnytoerusting om veldwagters met hulle bewaringspogings te help.

[Aangepas uit www.isimangalisowetlandpark.com]

5.1 Noem die liggaam wat vir die verklaring van Wêrelderfenisterreine verantwoordelik is. (2)

5.2 Noem EEN ander Wêrelderfenisterrein wat in dieselfde provinsie geleë is. (2)

5.3 Gebeurtenisse waar fondse vir bewaring ingesamel word, kan 'n positiewe invloed op die iSimangaliso-vleilandpark hê.

Verduidelik TWEE maniere waarop fondsinsamelingsgebeurtenisse toeriste kan lok wat in bewaring belangstel. (2 x 2) (4)

**[8]**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**VRAAG 6**

Bestudeer die prent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**ITB BERLYN 2023 – GETALLE**




[Bron: www.tourismupdate.co.za]

6.1 Noem EEN ander internasionale reishandelskou waar Suid-Afrika as 'n voorkeurbestemming vertoon word. (2)

6.2 Gee EEN kernfunksie van Suid-Afrikaanse Toerisme (SAToerisme). (2)

6.3 Verduidelik EEN manier waarop SAToerisme die fondse ontvang om hulle kernfunksies, waarna in VRAAG 6.2 verwys word, te vervul. (2)

6.4 SAToerisme se teenwoordigheid by reishandelskoue is 'n poging om toeriste se aankomsgetalle te laat groei en Suid-Afrika as 'n voorkeurbestemming te vestig.

Verduidelik TWEE maniere waarop reishandelskoue Suid-Afrika as 'n voorkeurbestemming posisioneer. (2 x 2) (4)
**[10]**

**TOTAAL AFDELING C: 50**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**AFDELING D: TOERISMESEKTORE; VOLHOUBARE EN VERANTWOORDELIKE TOERISME**

**VRAAG 7**

Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**VAKANTE POS!!**
**WERK BESKIKBAAR**




'n Vakante pos vir 'n vaardige restaurant-bestuurder met hope energie en 'n passie vir die gasvryheidsbedryf is beskikbaar. Die volgende eienskappe word vereis:

- Stiptelikheid
- Hardwerkend
- Uitstekende kommunikasievaardighede
- Baie goeie sosiale vaardighede
- Moet fleksietyd en oor naweke werk

[Aangepas uit www.gumtree.co.za]

7.1 Noem die dokument waarin die kernverpligtinge van 'n restaurantbestuurder uiteengesit sal word. (2)

7.2 Die dokument genoem in VRAAG 7.1 sluit onderafdelings soos werksure en byvoordele in. Dit sal belangrike inligting vir die nuwe bestuurder wees.

Noem die onderafdelings waar die nuwe bestuurder die volgende inligting sal vind:

7.2.1 Die bedrag geld wat die nuwe bestuurder sal ontvang in ruil vir die werk gedoen (2)

7.2.2 Die bedrag geld wat aan die bestuurder betaal sal word om klere te koop wat aan die vereistes van die kleredragkode van die restaurant sal voldoen (2)

7.2.3 Die aantal dae per jaar waarop die bestuurder geregtig is om weg van die werk af te wees (2)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


7.3 Verwys na die tekenprent hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

**KOMMUNIKASIEVAARDIGHEDE**

Daar word van 'n restaurantbestuurder verwag om baie goeie kommunikasie- en sosiale vaardighede te hê.




**LET WEL:** In tekenprente verwys **(#@*&?!!)** gewoonlik na die spreker wat ongeskik is of lelike taal gebruik, bv. vloekwoorde.

[Aangepas uit www.hyken.com]

7.3.1 Identifiseer die onaanvaarbare reaksie wat in die tekenprent getoon word. (2)

7.3.2 Stel TWEE maniere voor waarop die bestuurder anders kon reageer het om goeie kommunikasievaardighede te toon. (2 x 2) (4)

**[14]**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**VRAAG 8**

8.1 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**VOLHOUBAARHEID BY DIE HIGHWAY HOTEL**

*Raak ontslae van enkelgebruik-plastiekbottels*



Hidrasiepunt by die Highway Hotel

Water-vulpunte (hidrasiepunte) is by die Highway Hotel geïnstalleer om met die gebruik van enkelgebruik-plastiekwaterbottels weg te doen. Wanneer gaste inboek, ontvang hulle herbruikbare glasbottels. Hierdie glasbottels kan by die hidrasiepunte hervul word. Gaste het gedurende hulle verblyf onbeperkte toegang tot gratis, skoon, veilige water.

**Ander inisiatiewe**

- Energiebesparing
- Opheffing van die gemeenskap
- Ondersteuning van plaaslike besighede
- Geleenthede vir entrepreneurskap
- Hergebruik, vermindering, herwinning

**Enkelgebruik-plastiek**
*Enige plastiek-item wat slegs een keer gebruik kan word en dan weggegooi word.*

[Bron: www.marriott.com]

8.1.1 Uit die uittreksel, noem TWEE maniere waarop die hotel hulle koolstofvoetspoor verminder. (2)

8.1.2 Verduidelik TWEE maniere waarop die gebruik van die hidrasiepunte 'n positiewe invloed op die afvalbestuurpraktyke van die hotel het. (4)


8.1.3 Bespreek TWEE maniere waarop die wegdoen van enkelgebruik-plastiek by die hotel entrepreneursgeleenthede vir plaaslike gemeenskappe kan skep. (4)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


8.2 Verwys na die infografika hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**PLASTIEKBOTTELS – VRIEND OF VYAND?**




[Aangepas uit www.waecorp.com]

8.2.1 Identifiseer EEN fossielbrandstof wat in die vervaardiging van plastiekbottels gebruik word. (2)

8.2.2 Omgewingsorganisasies beskou plastiek as die nommer-een-bedreiging vir ons mariene omgewing.

Gee TWEE voorbeelde van hoe plastiek ons mariene omgewing kan bedreig. (4)
**[16]**

**TOTAAL AFDELING D: 30**

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


**AFDELING E: PLAASLIKE, STREEKS- EN INTERNASIONALE TOERISME; KOMMUNIKASIE EN KLIËNTEDIENS**

**VRAAG 9**

9.1 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| **PARYS 2024 – 'SPELE WAWYD OOP'** |
|---|
| Die Olimpiese Spele gaan vanaf 26 Julie tot 11 Augustus 2024 plaasvind.<br><br>Die Paralimpiese Spele gaan vanaf 28 Augustus tot 8 September 2024 plaasvind.<br><br>Die slagspreuk vir die Parys 2024 Somer Olimpiese Spele is 'Spele wawyd oop' ('Games wide open'). |

**GELUKBRINGERS VAN DIE 2024 OLIMPIESE SPELE**




**Gelukbringer:** 'n Simboliese figuur wat veronderstel is om geluk vir 'n gebeurtenis of 'n spel te bring.

[Aangepas uit www.olympics.com]

9.1.1 Verwys na die datums van die 2024 Olimpiese Spele.

Gee EEN rede waarom dit die Somer Olimpiese Spele genoem word. (2)

9.1.2 Onderskei tussen die *Olimpiese Spele* en die *Paralimpiese Spele* ten opsigte van deelnemers. (2)

9.1.3 (a) Die gelukbringers vir die Olimpiese Spele en die Paralimpiese Spele is **A** en **B** gemerk.

Identifiseer die gelukbringer wat die Paralimpiese Spele verteenwoordig. (2)

(b) Gee EEN rede vir jou antwoord op VRAAG 9.1.3(a). (2)


9.1.4 Bespreek EEN ekonomiese voordeel vir 'n land wat as gasheer vir 'n wêreldgebeurtenis optree. (2)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

9.2 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**INTERNASIONALE TOERISTE-AANKOMSTE NA SUID-AFRIKA JULIE TOT SEPTEMBER 2022**




[Aangepas uit www.southafrica.net]

9.2.1 Verduidelik wat *internasionale toeriste-aankomste na Suid-Afrika* beteken. (2)

9.2.2 (a) Gee EEN rede waarom 'n land soos Ghana as 'n *Afrika-lugmark* beskou word. (2)

(b) Gee EEN rede waarom 'n land soos Botswana as 'n *Afrika-landmark* beskou word. (2)

9.2.3 Behalwe vir die Afrika-markte, identifiseer die kontinent met die hoogste persentasie aankomste. (2)

9.2.4 Stel EEN manier voor waarop die besoekergetalle vanaf Australasië en die Midde-Ooste (op 1%) verhoog kan word. (2)
**[20]**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**VRAAG 10**

Bestudeer die prent hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**LAAT JOU VINGERS DIE PRAATWERK DOEN**

Toeriste gebruik verskillende metodes om dienste wat hulle ontvang, te gradeer.




**Graderingskaal:**
1 = swak
5 = uitstekend

[Bron: www.projectmanager.com]

10.1 Kies die korrekte woord uit dié tussen hakies:

Die prent hierbo wys 'n vorm van kliënte-(belonings/terugvoer). (2)

10.2 Verduidelik die metode wat in VRAAG 10.1 geïdentifiseer is. (2)

10.3 Daar is verskeie metodes wat gebruik word om kliëntediens te gradeer.

Vergelyk die doeltreffendheid van die TWEE antwoordmetodes wat hieronder aangedui word.

| OPNAME | SELFOON |
|---|---|
|  |  |

[Bron: www.flaticon.com] (4)

10.4 Verduidelik EEN positiewe invloed van kliënte se antwoorde op 'n besigheid. (2)
**[10]**

**TOTAAL AFDELING E: 30**
**GROOTTOTAAL: 200**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com